NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 12 – Uitgawe 12
2 Mei 2019

Teken in op blitspos
Stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Indien u nie weer blitspos wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Kerk in die spreekkamer

Vandag, Sondag 21 April 2019, het begin soos elke ander Sondagoggend in die Delport-huis. Ons het vroeg opgestaan om klaar te maak vir kerk – Mariaan na haar gemeente en ek na myne. Altwee oorgehaal met opstandingspreke vir Paassondag. Ek onthou my preek goed: die Emmausgangers van Lukas. Jesus wat hulle in hul huise ontmoet, God wat vir ons sê dat die opstanding nie net in die kerk gebeur nie, maar juis ook in die wêreld. Die opstanding van Jesus word sigbaar in die wêreld.

Na kerk sê Mariaan ons moet ons dogtertjie dokter toe neem, dit lyk of sy mangelontsteking het. Gelukkig kry ons 'n afspraak by Medipark. Ons wag in die ontvangsvertrek. Ewe skielik storm 'n swart vrou in met 'n lewelose lyfie in haar arms. Sy hou haar dogtertjie vas. Omtrent so oud soos my eie, my enigste. *Please help me… she fell into the pool… she's not breathing!*

Alles gebeur gelyk.

Die personeel spring, neem die kind na die noodkamer. Al die dokters storm uit hul konsultasies uit. Die swart ma staan en ween. Ons *gewone siekes* kan haar hoor terwyl ons daar sit. Ek leun vooroor en hou almal dop. Mariaan is in trane. My dogtertjie se oë is groot. Die ander mense is sprakeloos, maar die bekommernis is sigbaar. Die chaos neem oor. Die onsekerheid en vrese oorweldig. Ek staan naderhand op en gaan na die noodkamer – ek is immers 'n predikant. Daar staan sy, kan jy glo, alleen! Sy sien my in my kerkklere – *Doctor help us please*…

Ek is nie 'n dokter nie, probeer ek verduidelik. Sy is klaar op haar knieë voor my op die teëls in die stegie voor die noodkamer. Instinktief sak ek ook af. Iemand met 'n denim kom uitgestap – 'n Engelse man. Hy kniel voor haar; ek is op my knieë; haar man sit langs ons. Die susters en personeel staan langs ons. En die man in die denim, ek vind later uit dis Tommy, bid in Engels – ek met my hand op haar skouer.

So onder gebed gaan die deur oop. 'n Suster fluister saggies: *She's breathing…*

In een oomblik is daar lewe!

Almal skree gelyk. Ons druk mekaar. Swart, wit, ryk en arm. Engels en Afrikaans. Vir 'n kort oomblik breek alle grense, en dankbaarheid vloei. Ek hoor later hulle het nie 'n mediese fonds nie, die praktyk gaan die koste dra vir die helikopter na die staatshospitaal. Dit maak nie saak nie.

'n Suster breek deur die harwar van die sirkel wat hulle rondom ons gevorm het deur die gebed, en tussen die trane kry sy net kans om te sê:

It's resurrection Sunday…

Dr Hein Delport, Swartkop

Herderlike skrywe 2019

Aanloop tot die algemene verkiesing op 8 Mei 2019

Die Kommissie van die AKV stuur kragtens Ordinansie 4.6.2 (xxi) van tyd tot tyd ’n herderlike skrywe aan al die gemeentes met die versoek dat dit die eersvolgende twee Sondae van die kansel voorgelees moet word. Hierdie herderlike skrywe is op 23 April aan gemeentes gestuur.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering groet u in die Naam van ons Here Jesus Christus.

Die stemgeregtigde burgers van Suid-Afrika het op 8 Mei weer die geleentheid om na die stembus te gaan vir ’n algemene verkiesing.

Oor die afgelope vyf jaar het baie dinge gebeur wat ons ten diepste raak en bekommer. Die aanloop tot die verkiesing gaan gepaard met voornemens van grondonteiening, beurtkrag, opspraakwekkende onthullings oor staatskaping en korrupsie, opruiende uitsprake en sosiale onrus. Plek-plek het dit omgesit in sinnelose geweld wat afbreek en verwoes.

Juis onder sulke omstandighede word ’n gelowige se vertroue op God beproef. Ons verbintenis om in Christus se voetspore te volg, word deur die gebeure om ons getoets. Dit is menslik om moedeloos te raak, en dit is maklik om die vinger te wys en te veroordeel.

Maar dit is nie wat ’n kind van God doen nie.

Jesus leer ons:

> *Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel…*
> *Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.*
> (Matt 5: 3 en 9)

Paulus vermaan ons:

> *Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed.*
> *Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense.*
> *As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.*
> (Rom 12: 12, en 17 en 18)

Die kerk van die Here weet dat Hy regeer selfs wanneer daar onrus onder die volke is en aardse magte bose planne smee. Laat elke lidmaat van ons Kerk daarom in hierdie tyd met ons woorde en dade getuig dat ons in Jesus Christus glo as die Een wat ware hoop bied vir die wêreld.

Moenie bang wees nie, maar wees altyd bly in die Here!
Moenie kwaad praat nie, maar bid vir dié wat julle vervloek.
Moenie opstandig raak nie, maar onderwerp julle aan die owerheid.
Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here.

> *Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*
> (Fil 4: 6 en 7)

Die Kommissie van die AKV bid dat die Here u sal seën en beskerm, dat die Here u genadig sal wees, en dat die Here u gebede sal verhoor en aan u vrede sal gee.

Lief en leed

Mnr Hannes en Alet Kloppers

- **Mnr Hannes Kloppers**, wat van Julie 2015 tot Oktober 2016 op kontrakbasis as grafiese ontwerper by SENTIK in diens was, is skielik op Vrydagoggend 26 April oorlede na ’n kort siekbed. Hy was 66 jaar oud. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, Alet, sy broer en skoonsuster dr Wian en prof Elsabé Kloppers, en die res van hul familie.

- **Mnr Hans Janse van Rensburg**, vader van ds Hannes Janse van Rensburg van Zuurfontein, is sedert die begin van April in die intensiewesorgeenheid van Groenkloof-hospitaal. Sy toestand verbeter geleidelik. Die infeksie is onder beheer en hy is nie meer in ’n koma nie. Hy ontvang nou chemoterapie. Tans is die gewas nog so groot dat hy nie self kan asemhaal nie, dus het hy steeds pype in sy keel en is hy aan ’n ventilator gekoppel. Doulos se werksaamhede gaan intussen voort. Ons bid mnr Janse van Rensburg en sy familie sterkte toe in hierdie moeilike tyd.

Ds Maritza en
Pierre Oosthuizen

- **Ds Hannes Janse van Rensburg** (Zuurfontein) het op Maandag 29 April ’n ablasie (hartprosedure) ondergaan, en sy vrou, **Elizabeth**, kry op Maandag 6 Mei ’n tweede knievervanging aan dieselfde been. Intussen is hul seun ver weg in New York! Ons vertrou dat al die prosedures goed sal afloop.

- **Ds Maritza Botha** van Belfast/Waterval Boven het op 20 April in die huwelik getree met Pierre Oosthuizen. Die seremonie het uit die Hervormde gemeente Dullstroom plaasgevind. Baie geluk aan die egpaar!

Carel Els en
ds Fanie Naudé

- **Gemeente Greylingstad** spog graag met die **jongste “orrelis”** in die Kerk: Hul begeleiding in die erediens is met ’n rekenaar met die Liedboek-program. Hulle het ’n orrel, maar daar is nie orreliste beskikbaar nie. Klein Carel Els, 10 jaar oud, het gevra of hy die rekenaar voortaan kan hanteer. Binne twee Sondae het hy dit bemeester. Almal is baie trots op hom!

- **Die volgende predikante verjaar tot 10 Mei, en word hartlik geluk gewens:**

o Donderdag 2 Mei:	Ds HJ (Henk) Labuschagne (Silverton)
o Vrydag 3 Mei:	Dr E (Elritia) le Roux (Middelburg)
o Saterdag 4 Mei:	Ds PJ (Pierre) Roets (Springs-Oos)
o Sondag 5 Mei:	Drr JP (Johan) Bester (Pretoria-Noord), H (Hein) Delport (Swartkop) en EB (Ernest) Marran (Losberg)
o Maandag 6 Mei:	Ds C (Cobus) Manders (Bethal)
o Donderdag 9 Mei:	Ds L (Leon) Geel sr (Grimbeekpark)
o Vrydag 10 Mei:	Di FH (Frans) Ras (Windhoek), SJ (Fanie) Swanepoel (emeritus) en GJW (Gert) van der Merwe (emeritus)

Gemeentes en bediening

- **Gemeente Roossenekal** se **eeufeesviering** (stigtingsdatum 3 Mei 1919) vind plaas op **Sondag 19 Mei om 09:00** met ’n erediens en Nagmaal. Kontak dr Elritia le Roux by 072 235 6904 vir meer inligting.

- **Gemeente Silverton** (stigtingsdatum 20 Mei 1939) vier hul **80ste verjaardag** op **Sondag 19 Mei om 09:00** met Nagmaal en ’n gemeentebraai (12:00). Alle oudlidmate en predikante is welkom om die verrigtinge by te woon. Navrae kan gerig word aan oudl Hannie Knol by **dinandknol@gmail.com** of 079 603 6555, of ds Henk Labuschagne by **henklabuschagne.nhka@gmail.com** of 082 375 4321.

- **Gemeente Greylingstad** (stigtingsdatum 27 Mei 1944) vier op **Sondag 26 Mei om 11:00** hul **75ste verjaardag** met ’n feesdiens en ete. Vorige predikante en lidmate van die gemeente word vriendelik uitgenooi. Navrae aan ds Fanie Naudé by 083 391 3151 of **naude.fanie@gmail.com**

- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)** kan kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by **njssteenekamp@gmail.com** of 073 279 3315. Vervoerkoste en ’n honorarium word betaal.

- Leraar(s) word steeds benodig vir **preekbeurte** in **Gemeente Messina**. Predikante van die Kerk wat in Tshipise vakansie hou, kan die skriba, mnr Johan Louw, kontak by 072 485 5617.

- Predikante kan by **Gemeente Dullstroom** preek en gratis verblyf vir twee nagte kry vir die gratis preek. Die gemeente bied gratis verblyf vir ’n **predikant en sy/haar gade**; vir kinders se verblyf moet self betaal word. Die vergunning geld nie langnaweke en vakansietye nie. Reël die verblyf met Adri by 071 672 6761. Kontak dan mev Johanna Pieterse by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@gmail.com** om die Sondag te bevestig.

Vergaderings

- 30 April tot 4 Mei: Agtste ADV
- Donderdag 9 Mei: Rata Finkom
- Vrydag 10 Mei: Oudit- en Risikokomitee

’n Gedig

Landskap

Met ’n 1:50 000-kaart ry
ons by ’n -berg, -kloof, -spruit en -plaas verby.
’n Digter van weleer het opgelet
dit is van ver af Plat-, iewers weer Nou-,
hier staan baie Riet- en daar bly dit Vlak-.
Nou sien ons flappe deur ’n verkyker
met Skeurklip wat in die middelpunt staan.
Ek maak aantekeninge in ’n boek.
Hier boer H.W. Wessels, daar Bennie Rall,
en die saailande huur Tommy Brunsdon.
Jy maak die hekke op Sans Souci oop.
Van sy grond het die boer kaart en transport,
maar aan die digter behoort die landskap:
rondom, van horison tot horison.

Johann Lodewyk Marais
(Uit: *Verweerde aardbol*, 1992)

Toerusting

- **Gemeente Sionspoort (Randfontein), in samewerking met die HTK**, bied aan alle predikante en ander ampsdraers en gemeenteleiers wat nie 2018 se VTK- en VTT-kursusse kon bywoon nie ’n **toerustingsgeleentheid op Saterdag 25 Mei (08:00-16:00)** rondom die tema: *Die emosioneel gesonde leier*. Benewens die feit dat dit as alleenstaande kursus van groot waarde is, dien dit ook as voorbereiding vir vanjaar se VTK en VTT. Predikante verdien VBO-krediete. **Die sluitingsdatum vir inskrywings is 17 Mei 2019.** Die koste beloop R350 per kursusganger – dit sluit verversings, middagete en kursusfooi in. Kontak dr Renier Labuschagne by 083 281 8611 of **renierla@vodamail.co.za**.

Barmhartigheid

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **een eenslaapkamer-woonregeenheid** in Huis Frans Boshoff teen R347 080 en **een eenslaapkamer-huureenheid** in Huis Johannes Postmus teen R4 715 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Annie Schilz in Riviera, Pretoria,** is ’n woonstelblok vir afgetrede persone. Hierdie kompleks is geleë op die gronde van die versorgingsoord Ons Tuis Riviera en die Seniorstuis-dienssentrum, waar verskeie sosiale programme aangebied word. Daar is tans **drie huurwoonsteleenhede** beskikbaar teen R3 485 per maand (krag uitgesluit). Kontak mev Ilse Malan by 012 329 3707 vir meer inligting.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- Daar is tans plek vir bejaardes beskikbaar in **Piet Potgieter te Potgietersrus (Mokopane)**. Die **tweeslaapkamer-woonregeenheid** is geleë in hierdie rustige omgewing, en verskeie dienste word op die perseel aangebied. Die eenheid is te koop teen R592 120 (aanvanklike deposito van R10 000 en R582 120). Kontak mev Mariana van Tonder by 015 491 6314.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging
  Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
  Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
  012 329 4318 / 084 920 8723

Kerklike publikasies

- **Lees in *Die Hervormer* van Mei 2019**
  - Stukkende kerk, ongeskonde geloof
  - Fokus op ons teologiese opleiding
  - Hoe lees ons die Bybel?

  Lees *Die Hervormer* **volledig by www.hervormer.co.za**

- ***Die Christelike Vrou*** is van September 1943 tot Maart 1990 vir ongeveer 46 jaar en 6 maande as ’n onafhanklike maandblad uitgegee. Vir die volgende 29 jaar vanaf April 1990 tot en met Maart 2019, met die staking van *Konteks*, was sy deel van ons Kerk se gesinstydskrif. Vanaf April 2019 word *Die Christelike Vrou* in elektroniese formaat versprei. Ons is baie opgewonde oor hierdie nuwe hoofstuk in ons vrouetydskrif se toekoms! Die skakel na die eerste volwaardige elektroniese weergawe van *Die Christelike Vrou* is **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

Fondsinsamelings

- **Gemeente Swartkop: Gholfdag 2019**
  Woensdag 15 Mei by Zwartkop Gholfklub
  R2 500 per 4-bal
  (sluit in middagete by Halfway House, lamskerrie vir aandete, baanfooie)
  R2 500 om ’n gat te borg
  10:00 registrasie, 12:00 *shotgun start*, 18:00 prysuitdeling
  Besprekings, betalings en navrae by gemeentekantoor
  012 654 3471 / **nhswartkop@telkomsa.net**

Basaars en markte

- **Gemeente Suidoos-Witbank: Geskenkemark**
  Nog tot Saterdag 4 Mei
  Weekdae 09:00-19:00; Saterdag 4 Mei 09:00-14:00
  hv Hans Strydom- en Theunis Jansonstraat, Witbank
  Facebook: *Geskenkemark*
  Navrae aan Annelien Hartman by 082 512 9849

- **Gemeente Greylingstad: Vleisbasaar**
  Saterdag 4 Mei vanaf 10:00
  Deel van 75-jaar-viering
  By kerkgebou in Bothastraat, Greylingstad
  Baie eetgoed en stalletjies
  Lekkerste wors, droëwors en biltong
  Pryse vir kinders om te wen
  Navrae aan ds Fanie Naudé 083 391 3151 / **naude.fanie@gmail.com**

- **Gemeente Groot Marico: Safarikarnaval**
  Saterdag 1 Junie
  R100 per kaartjie
  Wen groot pryse
  1ste prys: Linhai Rustler 300
  2de prys: Naweek vir 4 by Groot Marico Lodge
  Kontak Martie Erasmus 082 774 5707
  Ds Stephan Botha 083 743 0507

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). **(Let asseblief op die nuwe koste.)** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

O alomteenwoordige God,
laat my tog vandag in al my dade en doelstellings
waarlik hoflik en eerlik optree.
Maak my regverdig en deursigtig in al my transaksies.
Weer alle gemeenheid en agterdog uit my gedagtes.
Laat my woord my eer wees.
Moenie dat ek van enigeen sal misbruik maak nie.
Maak my sag in my oordeel oor ander,
onbevooroordeeld in my menings,
lojaal teenoor my vriende
en ruimhartig teenoor my teenstanders.
Kortom, Here: Laat my Jesus se voorbeeld volg.
Indien teenspoed vandag oor my pad kom,
gee my sy moed, kalmte en afhanklikheid van U.
Here, moenie dat ek vandag te veel van myself sal dink
of sal verwag nie.

John Baillie
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel